kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandnel@iafrica.com

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Woorddiens

Tema: Wat laat jou wakker lê? (Die dood en die dooies)

Skriflesing 1: 1 Samuel 28:1-15 (1953)

1 EN toe die Filistyne in dié dae hulle leër versamel vir
oorlog om teen Israel te veg, sê Agis vir Dawid: Jy moet
goed verstaan dat jy met my saam in die leër moet uittrek, jy
en jou manne.
2 Daarop sê Dawid vir Agis: Goed, u weet wel wat u dienaar
moet doen. En Agis sê vir Dawid: Goed, ek sal jou vir altyd
aanstel as my lyfwag.
3 En Samuel het gesterwe, en hulle het oor hom gerouklaag,
die hele Israel, en hom begrawe in Rama, naamlik in sy
stad. En Saul het die dodebesweerders en die waarsêers uit
die land verwyder.
4 Daarop het die Filistyne bymekaargekom en ingetrek en
laer opgeslaan in Sunem. En Saul het die hele Israel
versamel, en hulle het laer opgeslaan op Gilbóa.
5 Toe Saul die leër van die Filistyne sien, het hy bevrees
geword, en sy hart het baie gebewe.
6 En Saul het die HERE geraadpleeg, maar die HERE het
hom nie geantwoord nie — nie deur drome en nie deur die
Urim en nie deur die profete nie.
7 En Saul sê aan sy dienaars: Soek julle vir my ’n vrou wat
’n dodebesweerster is, dat ek na haar kan gaan en haar
raadpleeg. En sy dienaars sê vir hom: Daar is ’n vrou, ’n
dodebesweerster, in En-Dor.
8 Daarop het Saul hom onkenbaar gemaak en ander klere
aangetrek en weggegaan, hy en twee manne saam met hom.
En toe hulle in die nag by die vrou aankom, sê hy: Voorspel
tog vir my deur die gees van ’n afgestorwene en laat vir my
opkom die een wat ek jou sal noem.
9 Maar die vrou sê vir hom: Jy weet tog self wat Saul gedoen
het; hoe hy die dodebesweerders en waarsêers uit die land
uitgeroei het. Waarom stel jy dan ’n val vir my op om my
dood te maak?
10 Toe sweer Saul vir haar by die HERE en sê: So waar as
die HERE leef, geen straf sal jou ter wille hiervan tref nie!
11 En die vrou vra: Wie moet ek vir jou laat opkom? En hy
sê: Laat Samuel vir my opkom.
12 Maar toe die vrou Samuel sien, skreeu sy hardop, en die
vrou het met Saul gespreek en gesê: Waarom het u my
bedrieg? Want u is Saul self.
13 En die koning antwoord haar: Wees nie bevrees nie; maar
wat sien jy? En die vrou sê vir Saul: Ek sien ’n bonatuurlike
wese uit die aarde opkom.
14 Hy vra haar toe: Hoe is sy voorkoms? En sy antwoord: ’n
Ou man kom op met ’n mantel om. Toe Saul begryp dat dit
Samuel is, buig hy met sy aangesig na die aarde toe en val
neer.
15 En Samuel sê vir Saul: Waarom verontrus jy my deur my
te laat opkom? En Saul antwoord: Ek is baie benoud, want
die Filistyne voer teen my oorlog, en God het van my
gewyk en antwoord my nie langer deur die diens van die
profete en ook nie deur drome nie; daarom het ek u geroep
om my bekend te maak wat ek moet doen.

Skriflesing 2: Lukas 24:28-31 (1953)

28 Daarop kom hulle naby die dorp waarheen hulle op reis
was, en Hy het gemaak of Hy verder wou gaan;
29 maar hulle het by Hom aangedring en gesê: Bly by ons,
want dit is amper aand en die dag het gedaal; en Hy het
ingegaan om by hulle te bly.
30 En toe Hy met hulle aan tafel was, neem Hy die brood en
dank; en Hy breek dit en gee dit aan hulle.
31 Toe is hulle oë geopen en hulle het Hom herken, en Hy
het uit hulle gesig verdwyn.

Broodjies vir die pad

vriende, medesterwendes,
moenie huiwer nie; nou hang die lewe
nog soos vlees om ons lywe
maar die dood beskaam nie;
ons kom en ons gaan
is soos die water uit die kraan so
soos klanke uit die mond
soos ons kom en ons gaan:
ons béne sal die vryheid kén –
kom saam

Breyten Breytenbach
(uit: Ek sal sterf en na my vader gaan)

◆◆◆

“Will my eyes adjust to this darkness? Will I find you in the dark – not in the streaks of light which remain, but in the darkness? Has anyone ever found you there? Did they love what they saw? Did they see love? And are there songs for singing when the light has gone dim? Or in the dark, is it best to wait in silence?

Noon has darkened. As fast as they could say, ‘He’s dead,’ the light dimmed. And where are you in the darkness? I learned to spy you in the light. Here in this darkness, I cannot find you. If I had never looked for you, or looked but never found, I would not feel

this pain of your absence. Or is not your absence in which I dwell, but your elusive troubling presence?

It's the neverness that is so painful. Never again to be here with us – never to sit with us at the table…. All the rest of our lives we must live without him. Only our death can stop the pain of his death."

Nicholas Wolterstorff, *Lament for a Son*

"God is not only the God of the sufferers but the God who suffers. … It is said of God that no one can behold his face and live. I always thought this meant that no one could see his splendor and live. A friend said perhaps it meant that no one could see his sorrow and live. Or perhaps his sorrow is splendor. … Instead of explaining our suffering God shares it."

Nicholas Wolterstorff, *Lament for a Son*

"Why are the photographs of him as a little boy so incredibly hard to look at? Something is over. Now instead of those shiny moments being things we can share together in delighted memories, I, the survivor, have to bear them alone. So it is with all the memories of him. They all lead into blackness. All I can do is remember him, I cannot experience him. Nothing new can happen between us."

Nicholas Wolterstorff, *Lament for a Son*

"Faith is a footbridge that you don't know will hold you up over the chasm until you're forced to walk out onto it."

Nicholas Wolterstorff, *Lament for a Son*

Death is one of two things...
Either it is annihilation, and the dead have no consciousness of anything;
or, as we are told, it is really a change:
a migration of the soul from one place to another.

Socrates

Ancient Egyptians believed that upon death
they would be asked two questions
and their answers would determine
whether they could continue their journey in the afterlife.
The first question was, "Did you bring joy?"
The second was, "Did you find joy?"

Leo Buscaglia

◆◆◆

Do not go gentle into that good night

Do not go gentle into that good night,
Old age should burn and rage at close of day;
Rage, rage against the dying of the light.
Though wise men at their end know dark is right,
Because their words had forked no lightning they
Do not go gentle into that good night.

Good men, the last wave by, crying how bright
Their frail deeds might have danced in a green bay,
Rage, rage against the dying of the light.

Wild men who caught and sang the sun in flight,
And learn, too late, they grieved it on its way,
Do not go gentle into that good night.

Grave men, near death, who see with blinding sight
Blind eyes could blaze like meteors and be gay,
Rage, rage against the dying of the light.

And you, my father, there on the sad height,
Curse, bless me now with your fierce tears, I pray.
Do not go gentle into that good night.
Rage, rage against the dying of the light.

Dylan Thomas, *Do Not Go Gentle Into That Good Night*

Brood vir die pad

Kop & Hart-blog: Buite-kerklik maar nog gelowig

Abel Pienaar

In die bekende Amerikaanse neurowetenskaplike en ateïs, Sam Harris, se nuutste boek,*Waking Up: A Guide to Spirituality Without Religion*, verwoord hy presies hoe baie mense vandag oor godsdiens, spiritualiteit en God voel.

En dit is ook saamgevat in wat die afgelope paar jaar bekend geword as: "Ek is spiritueel, maar nie godsdienstig nie" en: "Buite-kerklik maar nog gelowig."

Dit is stellings wat iets probeer verwoord van baie mense se ontnugtering met tradisionele godsdienste se onvermoë om hulle regtig te kon help om dieper, sinvoller en gelukkiger lewens te lei.

Want alhoewel, wêreldwyd, baie mense besig is om weg te beweeg van 'n tradisionele verstaan van geloof, beteken dit vir seker nie dat hulle hulself nie nog steeds sien as spiritueel nie. Natuurlik sit hierdie siening die onderskeid tussen godsdiens en spiritualiteit vierkantig op die tafel. So voor ons enigsins kan aangaan, laat ek eers presies sê wat ek bedoel.

Alhoewel die term spiritualiteit maklik gebruik word, is dit eintlik 'n baie moeilike term om te definieer, of net met een definisie te probeer beskrywe. Want sien, dit is 'n oop-konsep of dalk meer akkuraat gestel, 'n mandjie-konsep. Presies soos die woorde "God" en "kerk" ook.

Hiermee bedoel ek dat dit 'n klomp idees, voorveronderstellings, persepsies, wêreldbeelde,

oortuigings, gelowe, bygelowe, simbole en filosofieë, alles ingegooi in een-idee-konsep is. En die persoon wat die idee-konsep gebruik, vul natuurlik sy “mandjie” met sy inhoud.

In die geval van "kerk", soos ek dit in my titel gebruik, verwys ek byvoorbeeld nie na enige spesifieke godsdienstradisie nie en met "gelowig" verwys ek ook nie na een spesifieke geloof nie. Ek gebruik dit as sambreel-terme om na godsdienstradisies en gelowe in geheel te verwys.

Net so is die woord "spiritualiteit" – in ‘n baie wye sin gebruik – verwysend na verskillende maniere waarop mense in verhouding tree met die "misterie van die lewe". En natuurlik klee die een wat die woord gebruik dit vanuit sy of haar eie vertrekpunte en verstaan van hierdie misterie.

Byvoorbeeld, wat ‘n Boeddhis of Hindoe met spiritualiteit bedoel sal heeltemal iets anders wees as wat ‘n Christen of Moslem daarmee sou bedoel. En dan is daar ook die nie-godsdienstiges ("nonreligious", die vinnigste groeiende groep in die wêreld) en die ateïste, "non believers" en agnostici se verstaan van spiritualiteit.

Want spiritualiteit is nie noodwendig net verwysend na ‘n belewenis wat gekoppel is aan iets bonatuurlik nie. Nee, spiritualiteit word eintlik (al meer) ‘n beskrywing van mense se verstaan, dat sin en waarde in die alledaagse gevind kan word.

‘n Goeie voorbeeld hiervan is die Franse filosoof en uitgesproke Ateïs, André Comte-Sponville (*The Little Book of Atheist Spirituality*). En natuurlik ook Sam Harris (*The End of Faith*), na wie ek reeds hierbo verwys het. Beide is erkende ateïste en uitgesproke in hulle kritiek op tradisionele godsdiens. Maar beide is ook baie uitgesproke oor die feit dat hulle dink spiritualiteit is ‘n belangrik deel van hulle lewens.

Comte-Spongville beskryf onder andere in sy bogenoemde boek hoe hy eendag toe hy gaan stap het, ‘n diep spirituele belewenis gehad het – en daarna nooit weer dieselfde na sy lewe gekyk het nie.

Let wel, hy praat nie van glo in ‘n teïstiese God of van ‘n meegaande bonatuurlike belewenis nie. Nee, sy verstaan van spiritualiteit is in der waarheid “God-loos” en aards. Hiermee stem Sam Harris in sy nuutste boek saam. Hy praat ook van spirituele belewenisse, van diepe bewuswordings van die sin van die lewe, hier en nou, maar ook sonder enige bonatuurlike of tipiese godsdienstige ervarings of insigte.

Dit is dus baie interessant dat spiritualiteit nie noodwendig beperk is tot enige spesifieke godsdienste nie. Om die waarheid te sê, dit lyk vir my of spiritualiteit juis nie behoort tot enige spesifieke geloof of filosofiese oortuiging nie.

Spiritualiteit is veel eerder ‘n soeke na sin in die lewe, hier en nou. En dit staan natuurlik nie los van die wetenskap, filosofie, teologie, sosiologie, biologie, antropologie en vele ander -logieë se soeke na sin en antwoorde nie.

Presies wat die Astronoom Carl Sagan op ‘n keer gesê het: “Science is not only compatible with spirituality; it is a profound source of spirituality.”

Nou is die vraag, hoe het dit gebeur dat spiritualiteit so deur die eeue heen gekaap is deur godsdienste en afgewater is tot ‘n tweederangse belewenis? Dit het gebeur toe godsdiens of religie en spiritualiteit vermeng is as een en dieselfde, een groot mengelslaai van idees, oortuigings, bygelowe en belewenisse.

Dit is natuurlik onwaar – daar is baie groot verskille tussen die twee. Dit is wel so dat spiritualiteit binne godsdienste voorkom, maar spiritualiteit kom ook daarbuite voor. Daarom sou ons kon sê godsdiens dra inherent ‘n spiritualiteit, maar spiritualiteit is veel groter as enige enkele godsdiens.

Dis presies dit wat die Persiese skrywer Khalil Gibran probeer sê het met sy oordenkings oor godsdiens.

“Who can separate his faith from his actions, or his belief from his occupations? Who can spread his days before him, saying, 'This for God and this for myself; this for my soul, and this other for my body?' All your hours are wings that beat through space from self to self. Your daily life is your temple and your religion. Whenever you enter into it take with you your all. And if you would know God be not therefore a solver of riddles. Rather look about you and you shall see Him playing with your children. And look into space; you shall see Him walking in the clouds, outstretching His arms in the lightning and descending in rain. You shall see Him smiling in flowers, then rising and waving His hands in trees...”

Want sien, spiritualiteit is in essensie ‘n innerlike en spontane iets. Dít wie en wat jy is in elke asemteug. Spiritualiteit is om van binne te leef. Wat die Soefi, Rumi (uit die tradisie van Islam) verwoord met: “When you do things from your soul, you feel a river moving in you, a joy.”

Hierteenoor is godsdiens ‘n soeke buite jouself, ‘n stel uiterlike reëls wat jou presies probeer sê hoe, wat en waarom jy moet – of nié moet nie. Godsdienste is gebaseer op ander mense se opinies, idees en oortuigings. Want deur die eeue was/is daar mense en groepe wat oortuig was hulle het finale en goddelike antwoorde gevind. Dat hulle God (hoe ook al hulle hom of haar definieer) self gevind het en gehoor het.

Dat hulle die antwoorde ken op die mens se soeke. Antwoorde wat omgesit word in belydenisse, reëls en dogmas. Vasgelê vir almal om te gehoorsaam as die ewig-geldende waarheid. ‘n Waarheid wat van God self kom. En met tyd het hierdie sogenaamde waarheid, reëls en formules inslag gevind binne kulture se wette, waardes, norme en lewens-uitkyke.

Hiermee saam het dit oor tyd heen al hoe meer goddelike status gekry. Selfs as die finale woorde van God self beskou. En geen twyfel of vrae was/is geduld nie, net lojaliteit en blindelingse geloof.

Kategorieë het ontstaan soos: ons en hulle, gelowiges en ongelowiges, verlostes en verlorenes. Jy was in of jy was uit!

Die vyand was dan ook die wat nie hierdie spesifieke "waarheid" aanvaar het nie. Vandag nog sien ons hierdie verskynsel tussen verskillende godsdienste, byvoorbeeld: Christene is Moslems se "infidels", en andersom.

Godsdiens is dus 'n geslote sisteem. Geen soeke of twyfel word toegelaat nie – slegs onderhou, verdedig en bely. So word die hele lewe en sin vasgevang binne die rituele, seremonies, simbole en verstaan van ‘n spesifieke godsdiens.

Steve Earle stel dit so: “To me, religion is an agreement between a group of people about what God is.”

Spiritualiteit aan die ander kant, is ‘n soeke na die goddelike, nie buite jouself nie, maar ‘n soeke binne jouself. Dis ook nie ‘n filosofie met ‘n klomp reëls nie, dit is eerder iets van ‘n belewenis.

Dis ‘n misterieuse ervaring nie ‘n universele waarheid nie. Dis ook nie ‘n doel in sigself soos godsdiens nie. Dis nie ‘n doelwit wat jy kan bereik of ‘n eindpunt waarby jy kan aankom nie. Dis ‘n voortdurende ontdekkingsreis.

En dit waaruit jou lewe opgebou is, goed en sleg, donker en lig – alles is deel van spiritualiteit. Ram Dass het spiritualiteit baie mooi beskryf as ‘n voortdurende proses van elke dag lewe. “Everything in your life is there as a vehicle for your transformation. Use it!”

Spiritualiteit is dus in wese die proses van selfontdekking en groei. Spiritualiteit is ‘n oop proses. En ja, spiritualiteit kan op die oog af baie egosentries en selfsugtig lyk. Want is godsdiens dan nie self-opofferend en gerig op omgee en die versorging van ander nie? Sendingwerk en uitstuur van mense om ander te gaan bereik. Om die “evangelie” te bring aan ander.

Waar op die oog af, spiritualiteit veel eerder die mens aanmoedig om na binne te beweeg, op die self te fokus eerder as op ander. ‘n Beweging na binne eerder as na buite.

Dit klink baie selfsugtig, totdat jy dit van nader bekyk.

Godsdiens gaan oor méér word, eie Evangelie uitbrei en versprei. Dit gaan dus oor mag en grondgebied uitbrei. En dit is eenvoudig ego-mag.

Spiritualiteit gaan hierteenoor veel eerder oor mag afstaan. Afsterf van ego. En dit kan net gebeur as jy die ego konfronteer binne jouself.

Hiervan is Jesus se woestyntyd ‘n goeie voorbeeld. In sy selfontdekking word sy binnekant soos sy buitekant. Meer nog, hy ontdek sy goddelikheid binne hom en vind só sy verhouding met die sin van die lewe. Sy ego word gekruisig.

Dít is spiritualiteit, die reis na binne. Dan eers neem die reis jou weer na buite, na die ander. Die verskil is net nou dat jy herken jouself in die ander. Alles word ‘n spieël. Daarom dink jy nie meer aan kategorieë nie, maar jy dink holisties.

Jy verstaan nou dat alles eintlik één is. Jy begin al hoe meer ervaar dat jy onlosmaaklik deel is van alles (“interconnectedness”). En daarom as jy diere, plante of mense sou seermaak, besef jy dat jy jouself seermaak.

Jy besef dat die kosmos waardevol is en dat jy inherent deel is daarvan. Daarom dink jy twee keer voor jy sinlose geweld pleeg teenoor enige lewende wese – of dit mense, renosters of geelhoutbome is.

Spiritualiteit, anders as godsdiens, bring die besef dat mense nie die kroon van die skepping is nie, maar slegs ‘n vertakking van “die boom van lewe.”

Daarom is die strewe na ‘n beter wêreld en lewenskwaliteit vir alle lewende wesens, onafskeidbaar deel van spiritualiteit. Om die wêreld ‘n beter plek te maak.

Die Amerikaanse digter Walt Whitman som spiritualiteit soos volg op: “This is what you shall do: Love the earth and sun and the animals ... dismiss whatever insults your own soul, and your very flesh shall be a great poem.”

Spiritualiteit is dus om meer menslik te word, meer aards. Om meer te lag, stadiger kwaad te word en vinniger te vergewe.

So sluit Ralph Waldo Emerson, met sy skryf oor spiritualiteit se essensie, aan by Whitman: “To laugh often and love much; to win the respect of intelligent people, and the affection of children, and endure the betrayal of false friends; to appreciate beauty; to find the best in others; to give of one’s self; to leave the world a little better, whether by a healthy child, a garden patch, or a redeemed social condition; to have played and laughed with enthusiasm and sung with exultation; to know even one life has breathed easier because you have lived. This is to have succeeded.”

Hierdie verstaan van spiritualiteit is tekenend van ‘n nuwe tyd waarin mense wegbeweeg van die bonatuurlike na die natuurlike. Waar dit belangriker is om lewensbetekenis en sin in die hier en nou te vind as om te glo in een of ander voortbestaan na die dood.

Om nóú te leef, nie uit te stel vir eendag nie. Om jou fokus te plaas op die Hiernoumaals eerder as godsdiens se Hiernamaals.

Om die woorde van Khalil Gibran in die diepte van jou wese te eggo en te leef. “Your daily life is your temple and your religion. Whenever you enter into it take with you your all.”

http://www.netwerk24.com/stemme/2014-10-17-kop-hart-blog-buite-kerklik-maar-nog-gelowig

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877